OORLEWING - C-BLOK

- 'N RADIODRAMA -

Bekroon met die prys vir beste jong skrywer (jonger as 30 jaar)

van die RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie vir 2017

- Uitgesaai deur RSG Radioteater op 5 April 2018 -

deur

Erica Harris

Toestemming vir opvoerregte/kopiereg berus by:

Erica Harris (e-posadres: e24074020@gmail.com)

RSG

RADIOTEATER

OORLEWING – C-BLOK

ROLVERDELING:

1. DANIEL (25-jarige man – Klara se buurman. Kom baie selfversekerd voor. Vriendelik. Hy gesels graag met ander en kom baie oop voor, maar hy deel nie maklik persoonlike inligting nie. Hy het ‘n effense opgewekte, gelukkige sin vir humor wat hy dikwels gebruik om sy frustrasies weg te steek.)

2. DENISE (65-jarige vrou – Smous buite Daniel and Klara se woonstelblok. Het in die verlede al met Klara te doen gehad; Klara het soms vir haar koffie gebring. Engels. Alhoewel sy met ‘n Engelse aksent praat, praat sy goed Afrikaans. Skerp, effens vreemde sin vir humor. Intelligent en selfversekerd. Trots. Sy probeer ander, sowel as haarself, oortuig dat sy niemand se hulp nodig het nie en dat haar lewe onder beheer is. Sy laat niemand toe om met haar te mors of oor haar te loop nie.)

3. KLARA (24-jarige vrou – Daniel se buurvrou. Intelligent. Skerp, effens gemene sin vir humor wat sy dikwels gebruik om mense op ‘n afstand te hou. Baie onafhanklik; haar grootste vrees is om afhanklik van ander mense te wees. Baie uitgesproke. Is dikwels bot en kortaf. Gee nie om of ander dink sy is ongeskik nie. Sy probeer haarself en ander oortuig dat sy harder en meer selfsugtig is as wat sy werklik is.)

4. STEPHAN (67-jarige man – Engels. Praat Afrikaans met ‘n Engelse aksent. Rof. Hy weet hy maak mense soms benoud en hou daarvan om hulle ongemaklik te laat voel.)

BYK: HYSBAKKLOKKIE IN DANIEL EN KLARA SE WOONSTELBLOK LUI. HYSBAKDEURE GAAN OOP.

1. DANIEL: (EFFE WEG) Hou die lift!

BYK: HYSBAKDEURE GAAN TOE.

2. DANIEL: Dankie.

3. KLARA: Sure.

4. DANIEL: Ek sweer, daar is niks erger as om net-net ‘n lift te mis nie.

5. KLARA: Mmm.

6. DANIEL: Seriously, noem een ding wat erger is. Ek wed jou jy kan nie.

7. KLARA: Ek weet nie, miskien om in ‘n klein spasie getrap te wees met ‘n vreemdeling wat jou dwing om chats te bou?

8. DANIEL: Jy’s in die C-blok, right? Nommer agt? Ek’s net so ‘n paar flats af. 11C.

9. KLARA: O.

10. DANIEL: Ja, miskien het jy my al gesien? Ek’s so ‘n kop langer as jy, bruinerige hare. My gesig lyk bietjie soos hierdie.

11. KLARA: Wat?

12. DANIEL: Dis ‘n joke daai. Never mind. Ek’s Daniel. En jy’s?

13. KLARA: Nie geïntereseerd nie.

1. DANIEL: (LAG) Skerp. Wat luister jy?

2. KLARA: Huh?

3. DANIEL: Jou oorfone. Waarna luister jy? Iets gee my die idee jy't weird musiek smaak. Nie jou average Taylor Swift girl nie.

BYK: HYSBAKKLOKKIE LUI. HYSBAKDEURE GAAN OOP.

4. KLARA: Ag, donner.

5. DANIEL: Wat nou?

6. KLARA: Daai bleddie vrou smous al weer in die parking lot. Ek weet nie vir wat sy alewig hierheen kom nie. Sy's net 'n nuisance.

7. DANIEL: Ag, ek weet nie. Ek kry haar jammer.

8. KLARA: Bullshit.

9. DANIEL: Ekskuus?

10. KLARA: Nie jammer genoeg om actually enige van haar kaggelkakkies te koop nie.

11. DANIEL: En hoe weet jy dit?

12. KLARA: (BEWEEG WEG) Glo my, as jy ooit probeer het, sou jy geweet het hoe flippen mal sy is.

BYK: DOOF IN: IN DIE PARKEERAREA BUITE DIE WOONSTELBLOK. TROLLIE WORD OOR TEERPAD GESTOOT ONDER (1).

1. DANIEL: Hallo, Tannie.

BYK: TROLLIE KOM TOT STILSTAND.

2. DENISE: Didn't your mother tell you? Your uncle and I got divorced.

3. DANIEL: I'm sorry?

4. DENISE: Ek's nie jou tannie nie, seun. My naam is Denise.

5. DANIEL: O, ek sien. Wel, um, Denise, hoeveel vir hierdie blompot?

6. DENISE: R100.

7. DANIEL: Honderd? Is dit nie bietjie duur nie?

8. DENISE: R30.

9. DANIEL: Oukei. Ja, ek dink ek sal dit vat.

10. DENISE: Nee, wag! R50.

11. DANIEL: Ek verstaan nou nie.

12. DENISE: Dis R50 vir die blompot.

13. DANIEL: Maar jy het dan nou net gesê die (…ding kos R30)

14. DENISE: (ONDERBREEK DANIEL) Listen that's half the original price. Ek kan regtig nie laer gaan nie.

15. DANIEL: Fine. R50 dan.

16. DENISE: Wonderlik. Wag, wag. O, jammer.

1. DANIEL: Wat nou?

2. DENISE: Ek het vergeet hierdie item is eintlik nie te koop nie.

3. DANIEL: Huh?

4. DENISE: Ja, sorry I can't sell this vase.

BYK: TROLLIE WORD WEGGESTOOT ONDER (5).

5. DENISE: (BEWEEG WEG) Thanks anyway! Ek sal môre terug wees.

6. DANIEL: (ONDER SY ASEM) Wat de hel?

BYK: MUSIEKBRUG. MUSIEK DOOF WEG. KLARA SE DEUR WORD OOPGESLUIT.

7. DANIEL: Hallo.

8. KLARA: Shit!

9. DANIEL: Sorry, ek wou jou nie skrik maak nie.

10. KLARA: Nee, dis oukei. Seker onredelik om privaatheid in my eie flat te verwag. Daniel, né?

11. DANIEL: Jip. Ek weet nou nog nie wie jy is nie.

12. KLARA: Klara. Jammer, ek was in 'n effense bui nou die dag. Eintlik, nee. Dis 'n leuen. Ek's pretty much altyd soos dit.

13. DANIEL: Dis oukei. Jy was reg gewees oor Baby Jane.

14. KLARA: Wie?

1. DANIEL: Denise. Hier buite. So mal soos ‘n pet shop haas.

2. KLARA: O, sy. Ja, ek het een keer ‘n snow globe by haar try koop. In twee minute het sy die prys seker drie keer verlaag en sewe keer verhoog.

3. DANIEL: Ek sal graag wil weet wat in daai koppie aangaan. Miskien het sy in een van daardie asbestoshuisies grootgeword.

4. KLARA: Of nie genoeg kalsium as kind ingekry nie.

5. DANIEL: Dit sal verduidelik hoekom sy so bros lyk. Soos ‘n eat some more.

6. KLARA: Dit of, jy weet, crippling poverty.

7. DANIEL: Kan wees. Shame.

8. KLARA: Wel, soos hulle sê: don’t feed strays.

9. DANIEL: Nou klink jy soos daai een Bittereinder lyric. Jy weet, “Hou op met julle komberse. Hou op met julle brood.”

10. KLARA: “Minder mense. Minder gaan dan dood.”

11. DANIEL: Ek’s beïndruk. Dis een van hulle meer obskure songs.

12. KLARA: Sorry, daar spoil ek nou seker ‘n geleentheid vir jou om superior voor te kom.

13. DANIEL: Dis oukei. Ek kry so ‘n gevoel dis ‘n fight wat ek anyway nooit sal wen nie. Hoor hier, kom ons gaan drink koffie.

14. KLARA: Wie ons? Ek en jy ons?

1. DANIEL: Ja.

2. KLARA: Jy's effens voorbarig.

3. DANIEL: Ja, maar ek's ook vreeslik aangenaam. Jy kan my meisie vra.

4. KLARA: Jy't 'n meisie?

5. DANIEL: Nee. Dit het my wel vir 'n oomblik meer interessant gemaak. Right?

6. KLARA: Cute. As dit die pick-up line is waarop jy besluit het wil ek nie dié wat jy van die lys afgekrap het sien nie.

7. DANIEL: Ag, ek dink nie dit was so bad nie. Hier staan jy dan nog.

8. KLARA: Goeie punt. Totsiens.

9. DANIEL: Okay wag, ek het 'n beter een. Vat gou aan my mou. Weet jy waste materiaal is dit?

10. KLARA: Uh, trou materiaal?

11. DANIEL: Oukei, jy ken hom. Maar nou lyk my eerste line nie meer so aaklig nie.

12. KLARA: Nietemin, ek kan nie nou gaan koffie drink nie.

13. DANIEL: Hoekom nie?

14. KLARA: Want sonder makeup is ek 'n sewe en mét geld is jy 'n vier.

15. DANIEL: Wie gebruik nóú ou lines? Kom aan, man. Een uur van jou lewe.

16. KLARA: Ek's besig.

17. DANIEL: Oukei, wanneer dan?

1. KLARA: Um ek (…weet nie)

2. DANIEL: (ONDERBREEK KLARA) Môre?

3. KLARA: Nee, jammer.

4. DANIEL: Maak nie saak nie. Ek sal terug wees.

5. KLARA: Actually Daniel, ek dink nie dis ‘n goeie idee nie. Wat ek bedoel is, ek het geen begeerte om saam met jou te gaan koffie drink nie.

6. DANIEL: Wel, ten minste is jy reguit.

7. KLARA: Dit het niks met jou te doen nie. Ek weet net wat gaan gebeur. En ek het nie lus om vir die res van my lewe jou in die hysbak te probeer vermy nie.

BYK: MUSIEKBRUG. MUSIEK DOOF WEG. IN DIE PARKEERAREA BUITE DIE WOONSTELBLOK.

8. DENISE: Ek verstaan nie hoekom jy nou ewe skielik jou pantie in ‘n bondel het nie.

9. DANIEL: Want elke keer as ek hier kom is dit dieselfde bleddie storie. Ek voel asof ek vir vrede tussen die Israeliete en Palistyne probeer onderhandel. Dis nie veronderstel om so moeilik te wees om ‘n bos blomme te koop nie, jy weet.

10. DENISE: Moenie pissig raak met my nie. You’re rich enough to handle a bit of haggling. Young up-and-coming lawyer and all.

1. DANIEL: Ek's 'n argitek.

2. DENISE: Wat okal. Either way, you get to wear a monkey suit. Siestog.

3. DANIEL: Kry jy my actually jammer? Jy's 'n flippen hobo!

4. DENISE: Hei, ek het 'n huis. Of eerder, my kêrel het. Wel, tot die bye in die plafon ontsnap. Punt is, jy sal my nie onder 'n brug sien slaap nie. That shit is for losers and trolls.

5. DANIEL: Jy's nogals judgemental vir iemand in jou posisie.

6. DENISE: That's the great thing about condescension. It's free. Hei, waar gaan jy?

7. DANIEL: (BEWEEG WEG) Ek gaan laat wees vir werk. En ek gaan duidelik nie vandag daai blomme uit jou kloutjies kry nie.

8. DENISE: (ROEP) Ek sal hier wees as jy huis toe kom!

9. DANIEL: (WEG) Kan nie wag nie!

10. DENISE: Goeie môre, Klara.

11. KLARA: Hei, Denise.

BYK: KLARA HAAL HAAR KARSLEUTELS UIT HAAR HANDSAK. KLARA SLUIT DIE KARDEUR ONDER (12) OOP. KARDEUR WORD OOPGEMAAK.

12. KLARA: Wanneer gaan jy end kry hiermee? Die mense in hierdie woonstelblok stel nie in jou kakkies belang nie.

BYK: KARDEUR TOEGEMAAK. KARRUIT ONDER (1) OOPGEMAAK.

1. DENISE: Elke nou en dan kom daar ‘n sucker verby.

2. KLARA: Soos Daniel nou?

3. DENISE: Ag los die ou uit. Hy’s oulik. Ken jy enige mans wat gereeld vir hulle ma’s blomme koop?

4. KLARA: Nie enige stabiele mans nie, nee.

5. DENISE: Real hard ass, you are. Hoekom bring jy nie meer vir my koffie nie, huh?

6. KLARA: Jy weet hoekom. Jy verkoop heeltyd my koppies.

7. DENISE: Nee, kyk hier. A travel mug. Ek het dit gister gekry. By daai blinde man op die hoek geleen.

8. KLARA: Geleen?

9. DENISE: ‘n Redelike langtermyn lening.

10. KLARA: Fine, gee hier. Maar dan hou jy op om jou goed aan my te probeer afsmeer. Deal? Nou skuif daai bleddie trollie. Ek gaan mos nooit hier kan uit reverse nie.

BYK: MUSIEKBRUG. HYSBAKKLOKKIE IN WOONSTELBLOK LUI. HYSBAKDEURE GAAN OOP.

11. DANIEL: Hier’s ons weer.

12. KLARA: Ek sien dit.

1. DANIEL: En?

2. KLARA: En wat?

3. DANIEL: Ek weet nie. Hoe was jou dag? Wat dink jy van die weer? Hoe voel jy oor Beyoncè? Persoonlik dink ek sy's bietjie overrated, maar ek gaan dit nie te hard sê nie. Jy? Ek's eintlik maar fine met enige tipe exchange van pleasantries.

4. KLARA: Die weer is kak. My dag kakker. Nog honger?

5. DANIEL: Het dit. Nie lus vir gesels nie. Toemaar, ek sal stilbly. (NA 'N KORT POUSE) Ek het nie geweet jy en Denise is choppas nie?

6. KLARA: Wie sê ons is?

7. DANIEL: Ag, kom aan. Ek sien hoe jy vir haar koffie aandra.

BYK: HYSBAKKLOKKIE LUI. HYSBAKDEURE GAAN OOP.

8. KLARA: Moenie loop redes soek om te dink ek's nice nie.

BYK: DOOF IN: WIND WAAI STERK IN DIE PARKEERAREA BUITE DIE WOONSTELBLOK. TROLLIE WORD OOR TEERPAD GESTOOT.

9. DANIEL: (EFFE WEG) Hei, Denise! Denise!

BYK: TROLLIE KOM TOT STILSTAND.

10. DANIEL: (BEWEEG TOT OP MIK) Hoor jy my dan nie?

11. DENISE: (DUIDELIK ONTSTELD) Sorry, it's the wind. Friendly city se gat. Waarmee help ek jou vandag? Weer blomme?

1. DANIEL: Huil jy?

2. DENISE: Or just your usual Sprite?

3. DANIEL: Denise, wat gaan aan?

4. DENISE: I'm fine. Ek dink ek's net allergies vir katte of iets.

5. DANIEL: Hier is nie enige katte nie.

6. DENISE: My crying must have scared them off. Dis niks, ek um (BEGIN HUIL).

7. DANIEL: Kom, ek sal vir jou 'n koppie tee maak.

8. DENISE: Hoekom dink almal altyd ou mense soek tee?

9. DANIEL: Koffie dan. Of brandy.

10. DENISE: Ek het nie brandy nodig nie.

11. DANIEL: Magtig, Denise. Gaan ons nou regtig in hierdie donnerse wind staan en stry? Kom net.

BYK: **DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. KOFFIE WORD IN KOPPIES GESKINK. KOFFIE WORD ONDER (12) OP SKINKBORD TOT OP MIK GEDRA.**

12. DANIEL: Is sy jonger as jy?

13. DENISE: Natuurlik. Such a cliché.

14. DANIEL: Wat gaan jy doen?

1. DENISE: Ek weet nie. In die verlede het ek ‘n paar opsies gehad. Vriende hier en daar by wie ek kon bly. Tot ek my dinge uitsorteer, jy weet. Maar hulle is almal weg.

2. DANIEL: Weg waarheen?

3. DENISE: Net weg.

4. DANIEL: Wat ek nie kan verstaan nie, is hoe jy in die eerste plek by hierdie Tommie bogger kon gebly het. No offence, maar dit klink vir my of hierdie eintlik ‘n blessing in disguise is.

5. DENISE: O, ja, moerse blessing. Everybody secretly hopes to be out on their arse. Ek sê jou, it’s only someone from the privileged middle class who will choose homelessness above the occasional beating.

6. DANIEL: Wel, jy kan vanaand hier slaap.

7. DENISE: Not a chance.

8. DANIEL: Wil jy verkluim?

9. DENISE: Ek speel al vir vyftien jaar hierdie speletjie. Op my eie, baie dankie.

10. DANIEL: Goed, wat’s die plan?

BYK: DOOF IN: KLOP AAN KLARA SE DEUR. DEUR WORD OOPGEMAAK.

11. KLARA: Ag, hel. Hoeveel keer moet ek jou sê? Ek stel nie belang nie.

12. DANIEL: Ek’s nie hier vir jou nie, U Majesteit.

1. KLARA: O. Nou wat dan?

2. DANIEL: Pajamas.

3. KLARA: Ekskuus?

4. DANIEL: Blykbaar sal mans pajamas nie werk nie. Het jy iets in ‘n effense kleiner size as dit wat jy aan het?

5. KLARA: Wie de donner (…dink jy is jy?)

6. DANIEL: (ONDERBREEK KLARA) Dis nie vir my nie. Dis vir Denise, oukei. Jy weet wat se bleddie gemaskerde sopbeen sy is. Nou het jy vir ‘n hawelose tannie ‘n paar ou pajamas of nie?

7. KLARA: Kom in.

8. DANIEL: Dankie.

9. KLARA: (EFFE WEG. ROEP) Mag ek vra hoekom jy opsoek is na pj’s vir ‘n bergie?

10. DANIEL: Ek dink streng gesproke mag jy hulle net in die Kaap bergies noem.

11. KLARA: O, natuurlik. Ek het vergeet, cultural appropriation. Maar seriously, hoekom die pajamas?

12. DANIEL: Dis ‘n lang storie. Basically, omdat Denise nie ‘n nagrok in haar trollie rondstoot nie. ‘n Trollie wat tans my sitkamer vol staan omdat ek ‘n potensieel baie dom ding aangevang het.

1. KLARA: (EFFE WEG) Wel, as jy jouself uitgee vir ‘n chappie. (BEWEEG TOT OP MIK) Jy ken haar beter as ek, is blou of groen meer haar kleur?

2. DANIEL: Snaaks. Die blou is fine, dankie.

3. KLARA: Skree maar as jy hulp kort.

4. DANIEL: Ek dog jy wil niks met my te doen hê nie?

5. KLARA: Ek het nooit dit gesê nie. Mans dink altyd as ‘n vrou nie dadelik met hulle wil seks hê nie dat sy hulle verpes.

6. DANIEL: Ek kan nou nie vir my spesie as geheel praat nie, maar jy gooi nogal ‘n sterk “ek verpes jou”-vibe.

7. KLARA: Wel, dis net my gesig. En soms my woorde. En dade. En dis ook nie beperk tot jou “spesie” nie.

8. DANIEL: O, ek sien. ‘n Indiscriminate bitch.

9. KLARA: Presies.

10. DANIEL: Hoekom is jy nou ewe skielik so nice?

11. KLARA: Wie weet. Miskien is dit volmaan of iets.

12. DANIEL: So, vriende?

BYK: DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. GELUIDE VAN KOS WAT VOORBEREI WORD ONDER (1) TOT VOLGENDE TONEEL. KOS SIS IN ‘N PAN. GROENTE WORD GEKAP. DEUR WORD IN DIE AGTERGROND OOPGEMAAK EN WEER TOEGEMAAK.

1. DANIEL: (BEWEEG TOT OP MIK) Wat gaan hier aan?

2. DENISE: Stir fry. I figured, since I'll be staying a while (BREEK AF)

3. DANIEL: Hoe nou?

4. DENISE: I'll have to start earning my keep.

5. DANIEL: Wat bedoel jy, staying a while? Ons het dan 'n ooreenkoms. Drie dae. Ons trek al klaar by dag vyf.

6. DENISE: Ek weet, maar ek sukkel om vir Judy op te spoor. She might be in rehab again. Daar's nou vir jou 'n recovery pro. Sy het dit al seker vyf keer gedoen. En Tanya se baas van sewe jaar terug het uiteindelik agtergekom sy's nog steeds op die payroll en haar afgesmyt. So she's even more screwed than I am.

7. DANIEL: Ek moes jou gelos het toe jy daarop aandring dat jy nie my hulp nodig het nie.

8. DENISE: Net tot die einde van die week. Sê net ja, man. Jy weet jy gaan uiteindelik. Besides, I'm a very light house guest.

9. DANIEL: Sê dit vir die nat handdoeke wat oral rondlê.

10. DENISE: Hou op oordryf.

11. DANIEL: (SUG) Fine. Tot die einde van die week.

12. DENISE: Great. Ek het daai meisie in nommer agt genooi om saam te eet.

13. DANIEL: Klara? Hoekom?

1. DENISE: Gaan jy nou maak asof jy nie bly is nie?

2. DANIEL: So, jy hou van haar?

3. DENISE: Ja, natuurlik. She's witty and can be very pleasant when she wants to be.

4. DANIEL: Maar?

5. DENISE: Maar ek probeer haar nie in my bed kry nie.

6. DANIEL: Julle vrouens gee ons darem maar flippen min credit.

7. DENISE: Ons het ons redes.

8. DANIEL: Wel vir wat nooi jy haar dan?

9. DENISE: Ek sê mos ek hou van haar. Just tread lightly.

BYK: KLOP EFFE WEG AAN DEUR. DEUR WORD EFFE WEG OOPGEMAAK.

10. KLARA: (EFFE WEG) Ek het wyn gebring.

11. DANIEL: (EFFE WEG) Dit was nie nodig nie.

12. DENISE: Of course it was!

13. DANIEL: (EFFE WEG) Wel, in daai geval, dankie. Kom in.

14. KLARA: Hmm.

15. DANIEL: Wat?

1. KLARA: Ek's impressed. Mens sal nie raai 'n twintig-something seuntjie bly hier nie. Jy't nogals jou shit agtermekaar.

2. DANIEL: Ja, ek steek maar altyd my wedren-posters en rugby-memorabilia weg voor ek gaste ontvang.

3. DENISE: He's actually quite the adult, this one. Ek het dit ook nooit vermoed nie.

4. DANIEL: Sê jy met jou winkeltrollie.

5. KLARA: So gepraat van, waar is die ding?

6. DANIEL: In my garage. Want blybaar kan my kar die reën beter hanteer.

7. DENISE: Luister, die kos is reg.

BYK: DOOF IN: DANIEL SE WOONSTEL. EETGEREI KRAP TEEN BORDE ONDER (8) TOT VOLGENDE BYKLANK.

8. DENISE: So, I told her, "Luister hier, girl. I don't make the goods, I just sell it."

9. KLARA: As jy die dag besluit om jou ware actually te verkoop.

10. DENISE: Some things are too valuable to part with willy-nilly.

11. KLARA: Soos 'n six pack hangers?

12. DANIEL: Anyway, wat gebeur toe?

13. DENISE: Toe koop sy nog twee sakke. En ek het nooit weer 'n klagte gehad nie. To tell the truth, I don't think I ever saw her again. She might have changed banks just to avoid me.

1. DANIEL: Dit sal haar leer om in die egtheid van jou designer-handsakke te twyfel.

2. DENISE: Ag, sy't nie 'n ruggraat gehad nie. As sy haar man kon staan, het ek haar geld vir haar teruggegee.

3. DANIEL: Ek weet nie watter een van julle twee dames meer genadeloos is nie.

4. DENISE: Is it ruthless to detest weakness?

5. KLARA: 'n Vrou so na my eie hart.

6. DANIEL: Wat die mans in julle lewens seker nie alles moet verduur nie.

7. KLARA: Niks meer as wat hulle toekom nie.

8. DANIEL: Om die een of ander rede sukkel ek om dit te glo.

9. KLARA: Glo wat jy wil.

BYK: EETGEREI WORD OP BORD NEERGESIT.

10. KLARA: Denise, die kos was amazing.

11. DANIEL: Ja, wragtig. Praat van 'n dark horse.

12. DENISE: Dankie. Ek het by my broer leer kook. Ek was 'n laatlammetjie en hy het my basies grootgemaak. Maar hierdie is niks. As jy vir my 'n slag ordentlike bestanddele koop maak ek iets truly spectacular.

13. DANIEL: Praat jy so asof jy net vier-ster restaurante gewoond is.

1. DENISE: Like you said, dark horse. Wel, ek gaan gou stort. Julle sal seker kan regkom met die skottelgoed?

2. KLARA: Volgende keer doen ons dit by my.

3. DANIEL: (ROEP) En hang op jou handdoek as jy klaar is!

BYK: WATER WORD IN WASBAK GETAP. SKOTTELGOED ONDER (4) TOT VOLGENDE BYKLANK GEWAS EN OP DROOGRAK GEPAK.

4. KLARA: Sy's nou vir jou 'n intriguing karakter.

5. DANIEL: Ek weet. Nes ek dink ek het haar uitgefigure dan gooi sy my weer vir 'n loop. Darem is sy nie vervelig nie.

6. KLARA: So jy's nog nie spyt nie?

7. DANIEL: Nee. Ek het gedink sy gaan 'n pyn wees, maar dis eintlik nogal lekker. Ek het al bietjie vergeet hoe dit is om nie alleen te woon nie.

8. KLARA: Ek probeer nog steeds uitwerk hoekom jy haar in die eerste plek hier laat bly het.

9. DANIEL: Miskien is ek net nice.

10. KLARA: Ek's nie so seker nie.

11. DANIEL: Nou wat dan?

12. KLARA: Ek weet nie. Ek dink nie eers jy doen nie. Maar moenie dink ek koop die nice ding nie.

13. DANIEL: Dis seker gepas.

1. KLARA: Hoe bedoel jy?

2. DANIEL: Ek koop nie die bitch ding nie.

3. KLARA: Jy gaan teleurgesteld van hierdie ding af wegstap, my vriend.

4. DANIEL: Ons sal sien.

BYK: MUSIEKBRUG. MUSIEK DOOF WEG. IN DANIEL SE WOONSTEL. KLOP AAN DEUR.

5. DANIEL: (EFFE WEG. ROEP) Ek kom!

BYK: DANIEL STAMP SY TOON TEEN 'N KAS IN DIE AGTERGROND.

6. DANIEL: (EFFE WEG. GEDEMP) Eina, shit. (BEWEEG TOT OP MIK) Klara, as jy weer jou foon hier gelos het (BREEK AF)

BYK: DEUR WORD OOPGEMAAK.

7. DANIEL: O, jammer. Ek dog jy's, toemaar. Kan ek help?

8. STEPHAN: You're a bit young.

9. DANIEL: Ekskuus?

10. STEPHAN: Then again, Denise never really had a type. Waar is sy?

11. DANIEL: Sy's nie hier nie. Wie's jy?

12. STEPHAN: Stephan. This is a nice little sculpture.

13. DANIEL: You know, I don't usually allow strangers to just strut around, fiddling with my things.

1. STEPHAN: Dis nie wat ek gehoor het nie.

2. DANIEL: Wat soek jy?

3. STEPHAN: No need to get testy. Sê net vir Denise Paul wil haar sien. Dis dringend.

BYK: DOOF IN: IN DIE WOONSTELBLOK SE GANG. TROLLIE WORD OOR TEËLS GESTOOT. DANIEL SE DEUR WORD OOPGEMAAK.

4. DENISE: Ek weet jy't gesê nie in die flat nie, maar ek het die damn garage sleutels weer vergeet. En kyk hoe reën dit buite.

BYK: DEUR WORD TOEGEMAAK.

5. DANIEL: Dis fine.

6. DENISE: Ek het wel iets om op te maak daarvoor. Kyk hier. Vars aspersies! Ek kan nie glo jy't dit nog nooit gehad nie.

7. DANIEL: Hoor hier, Denise. Iemand het jou kom soek.

8. DENISE: Oh, come off it. Dink jy ek moet vir Klara weer nooi? She seemed to enjoy herself the other night. Gaan haal haar sommer gou. Iemand het my kom soek, nogal. Maak seker sy bring wyn.

9. DANIEL: Hy sê sy naam is Stephan?

10. DENISE: O.

11. DANIEL: Ja, blykbaar ken julle mekaar.

12. DENISE: Wat wou hy hê?

1. DANIEL: Hy't gesê Paul wil jou sien. Dit het nogals dringend geklink.

2. DENISE: Ek's seker dit het. Stephan is altyd so damn dramaties. He gets off on it. Tension, I mean.

3. DANIEL: Wie is hy?

4. DENISE: My swaer.

5. DANIEL: Ek het nie geweet jy was getroud nie.

6. DENISE: Is nog steeds. Wel, tegnies. Ek het twaalf jaar laas met Paul gepraat. He's in jail, you see.

7. DANIEL: Wat? Waarvoor?

8. DENISE: Organised crime.

9. DANIEL: Soos die mafia?

10. DENISE: So iets. Maar minder opwindend. Probably just as destructive, though. Jy's seker nog bietjie jonk om te onthou, maar dit was 'n groot ding in die nuus. Paul Duncan? I was quite famous for a while, I'll have you know.

11. DANIEL: Duncan? Is jy dan dáárdie Denise Duncan? Ek onthou my ma het van jou gepraat. So vaagweg.

12. DENISE: Does the nickname "Poison Ivy" ring a bell? Bleddie joernaliste kan so onoorspronlik wees. Ek het regtig vir iets 'n klein bietjie sexier gehoop.

13. DANIEL: Jeezlaaik. Dis effens insane.

1. DENISE: Don’t tell me you’ve never had a mob wife sleeping on your couch.

2. DANIEL: Moenie joke nie! Hoe het hierdie Stephan geweet waar jy bly?

3. DENISE: Ag, Paul likes to keep tabs on me. Sodat hy weet waarheen om sy briewe te stuur. Nie dat ek ooit terug skryf nie. Ek het eintlik lanklaas van hom gehoor. Gedink hy’t miskien opgegee. Arme man. He’s nothing if not persistent.

4. DANIEL: Moenie gevaarlike krimineel vergeet nie.

5. DENISE: Ag hou op huil. Hy gaan niks aan jou doen nie.

6. DANIEL: Hoe weet jy? Stephan dink ek’s jou kêrel of iets!

7. DENISE: Man, they never interfere. Glo my, as hulle enige mag oor my gehad het, sou ek lankal by my suburban in-laws moes intrek.

8. DANIEL: Hoekom doen jy nie?

9. DENISE: Daai deel van my lewe is verby. I’ve gone full circle. No money to new money to no money.

BYK: DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. KOFFIE WORD IN BEKERS GESKINK. KOFFIE WORD GEROER.

10. KLARA: Poison Ivy? Jy kak op my!

11. DANIEL: Nee, genuine.

12. KLARA: Maar sy’s dan so, so (BREEK AF)

13. DANIEL: Ek weet.

1. KLARA: Dis crazy.

2. DANIEL: Dis die in-laws deel wat ek nie verstaan nie. Sy't dit laat klink asof sy niemand het nie.

3. KLARA: Ek weet nie hoe eager ek sou wees om by my skoonma in te trek as ek haar seun tronk toe gestuur het nie.

4. DANIEL: Hoe bedoel jy nou?

5. KLARA: Onthou jy nie? Poison Ivy het teen haar man getuig. Dit was 'n moerse storie. Natuurlik haar eie gat gered.

6. DANIEL: Dis bietjie harsh. Hy ís 'n krimineel.

7. KLARA: En ek's seker sy't niks daarvan geweet nie.

8. DANIEL: En wat reken jy sou jy in daai situasie gedoen het?

9. KLARA: Ek sou myself in die eerste plek nooit in so 'n situasie laat beland het nie.

10. DANIEL: Excuse me, Madel Terblanche. Jy's ook maar lekker high en mighty, hé.

11. KLARA: Madel Terblanche? Is ou 7de laan-karakters regtig die beste topical references waarmee jy vorendag kan kom?

12. DANIEL: Whatever. Wil jy more gaan fliek? Daar wys 'n lekker Jannie-soen-vir-Sannie tipe romcom. Nes jy dit like. Girl next door meets Jewish columnist. New York based hilarity ensues.

1. KLARA: Ek lek eerder ‘n kameel se oogbal. Ek kan anyway nie. Ons doen stock-taking by die restaurant. En die Vader help hulle as hulle een aand sonder die manager moes klaarkom. Maar Saterdag? As ek die fliek kan kies, natuurlik.

2. DANIEL: Ek kan nie, sorry. Ek moet vir my ma gaan kuier.

3. KLARA: Kan jy nie een week skip nie?

4. DANIEL: Jy weet, party mense hou actually van hulle ouers.

5. KLARA: Weird mense, ja.

6. DANIEL: So, wat? Sien jy nooit jou ma-hulle nie?

7. KLARA: Hei, nie alle kinders word in seventh heaven tipe bliss groot nie.

8. DANIEL: Ek kan anyway nie dink dat jy dit sou geniet het nie. Heeltemal te cheery.

9. KLARA: Urgh, en al daai kinders wat oral rondhol. Soos ‘n flippen Chinese klerefabriek.

10. DANIEL: Oukei so, gebroke huis?

11. KLARA: Nee, niks so dramaties soos dit nie. Ag, ek weet nie. Miskien is ek net vol kak.

12. DANIEL: Wel, dis vir seker.

1. KLARA: Ek dink net dis makliker om vir jouself te sorg. In ‘n gesin of verhouding of wat okal moet mense heeltyd mekaar in ag neem. Na mekaar omsien.

2. DANIEL: Mens noem dit ondersteuning.

3. KLARA: Wel, dit complicate dinge net. Almal dink altyd die liefde is so rein. Ek sê jou, dis net een moerse power struggle. ‘n Konstante onderhandeling vir leverage. Op hierdie manier skuld ek niemand enige iets nie. En ek hoef ook nie ‘n ge-airbrushde weergawe van myself te wees nie. Ek hoef nie te worry hoe my gedrag of woorde of maniertjies ander mense affekteer nie. Ek kan net wéés. Unapologetically Klara.

4. DANIEL: Maybe is dit anderste vir my omdat dit net ek en my ma is. Sy’s my hele verwysingsraamwerk vir familie.

5. KLARA: Waar’s jou pa dan?

6. DANIEL: Ek weet nie. My ma het nog nooit oor hom gepraat nie.

7. KLARA: Is jy nie nuuskierig nie?

8. DANIEL: Nie regtig nie. Ons kom al vyf-en-twintig jaar sonder hom klaar.

9. KLARA: Fair enough. En dis nie asof iets jou jaag nie.

10. DANIEL: Presies.

BYK: DEUR WORD OOPGEMAAK.

1. DENISE: (EFFE WEG) Hallo, children.

2. KLARA: Well, hallo there Poison Ivy.

3. DENISE: (BEWEEG TOT OP MIK) That didn't take very long.

4. DANIEL: Ek's jammer.

5. DENISE: Moenie laf wees nie. There's no shaming me. Ék het niemand se spaargeld gesteel nie. Gaan jy bly vir aandete, Klara? Ek maak pasta.

6. KLARA: Ja, dankie.

7. DENISE: Great, want ons s'n is op. Het jy?

8. KLARA: Ek gaan haal gou.

BYK: DOOF IN: DANIEL SE WOONSTEL. EETGEREI KRAP TEEN BORDE ONDER (9) TOT (5).

9. KLARA: Ek's regtig bly ek het besluit om vanaand pasta te maak.

10. DANIEL: Dis great, Denise.

11. DENISE: Dankie.

12. KLARA: Is jou ma nie jaloers oor Denise so mooi na jou kyk nie?

13. DENISE: I doubt he's even told her about me.

14. DANIEL: Wel, ek het die mob wife deel uitgelaat. Maar sy mind nie.

15. KLARA: Sy's seker te trots op die barmhartige seuntjie wat sy grootgemaak het om om te gee.

1. DENISE: Jy moet haar nooi vir aandete. Ek het sommer so ‘n gevoel ons sal goed oor die weg kom. O, voor ek vergeet. Sal jy asseblief môre ‘n paar goed gaan koop. Die yskas is practically leeg.

2. DANIEL: Oukei.

3. DENISE: Ek het ‘n lysie op die toonbank gelos.

4. DANIEL: Solank jy my nie weer uitkak oor ek die verkeerde brand koop nie.

5. DENISE: Moet dan nie die verkeerde brand koop nie.

BYK: EETGEREI WORD OP BORD NEERGESIT.

6. KLARA: So hoe werk hierdie? Chip jy in vir groceries, Denise?

7. DENISE: When I have a good sales day.

8. DANIEL: Wat meer gereeld is as wat ek verwag het.

9. DENISE: Ek was nog altyd ‘n baie goeie verkoopsvrou. Ek kan ys aan ‘n eskimo verkoop. Of ‘n Sokkie Treffers CD aan… iemand. Die geheim is om mense te intimideer. Jy moet hulle laat dink hulle skuld jou iets.

10. KLARA: En jy sê jy’t niks met die mafia te doen gehad nie.

11. DENISE: You know, Klara. It’s not always the best idea to speak your mind so freely.

12. KLARA: Is dit nou waar die intimidasie inkom?

13. DANIEL: Oukei, ek dink ons moet almal net relax.

1. KLARA: Ek’s nie tense nie, Daniel.

2. DENISE: Me neither.

3. KLARA: Regtig? Cause it seems like I might have struck a nerve.

4. DANIEL: Klara, dis genoeg.

5. DENISE: Dis oukei, Daniel. You think you’re so tough because you say whatever you think. Little girl, you don’t know what it means to be tough. It’s learning to keep your mouth shut, despite your better judgement. Despite your ego. Toughness is biting your tongue and smiling while your pride is screaming at you to tell them all to go to hell.

6. KLARA: I’m sure your husband’s lawyer would have appreciated some silence on your part.

7. DENISE: Jou klein bitch! (…Wat de hel sou jy daarvan weet?)

8. DANIEL: (ONDERBREEK DENISE) Oukei, dis genoeg. (BEWEEG EFFE WEG) Klara, kom.

9. KLARA: (BEWEEG EFFE WEG) Los my arm! Ek gaan my nie deur jou laat rond order nie.

BYK: DEUR WORD OOPGEMAAK. DEUR WORD TOEGEKLAP.

10. DANIEL: Wat de hel is fout met jou?

1. KLARA: Niks. Net oor ek haar bietjie challenge op iets (…beteken nie daar is iets fout met my nie)

2. DANIEL: (ONDERBREEK KLARA) Jy't geen idee wat haar lewe is nie!

3. KLARA: En jy het?

4. DANIEL: Ek meng nie in by haar sake nie.

5. KLARA: Daniel, sy's permanent by jou ingetrek!

6. DANIEL: Hoekom is jy so hard op haar? Ek dog jy hou van Denise.

7. KLARA: Ek doen. Dit beteken nie ek moet al haar stront vreet nie. Ek's nie so naïef soos jy nie.

8. DANIEL: Nee, jy moet heeltyd vir almal wys wie's baas. Ons kry dit: jy's sinies. Jy vertrou niemand. Dis nie so edgy soos wat jy dink nie.

9. KLARA: Fok jou. Ten minste probeer ek nie voorgee ek's 'n damn boy scout nie. Hel, hoeveel moeite is dit nie om alles in jou lewe in sulke netjiese bleddie rytjies te hou nie?

10. DANIEL: Jy dink jy's so flippen insightful.

11. KLARA: Ek weet ek is. Ek sien reg deur daai vrou daar binne en ek sien reg deur jou.

12. DANIEL: Meisie, jy ken my nie eers nie.

1. KLARA: Hoe kan ek? Seriously. Jy dink daai glimlag en bullshit confidence laat jou van die hook af. Maar die waarheid is niemand kan naby genoeg kom om die glasdop wat jy om jou gebou het te kraak nie.

2. DANIEL: Jy's een om te praat.

3. KLARA: Ek erken ten minste dat ek mense wegstoot. Ek was van die begin af met jou eerlik daaroor.

4. DANIEL: Toemaar, ek dink ek het uiteindelik die boodskap gekry.

BYK: MUSIEKBRUG. MUSIEK DOOF WEG. DANIEL SE DEUR WORD OOPGEMAAK.

5. DENISE: Hi there.

BYK: DEUR WORD TOEGEMAAK.

6. DENISE: Hoe voel jy vandag?

7. DANIEL: Kan jy asseblief ophou? Ek's fine.

8. DENISE: You know, it's been four days. Ek's seker sy het al afgekoel.

9. DANIEL: Stephan was weer hier gewees. Ek begin sleg voel dat ek hom nie innooi vir koffie nie.

10. DENISE: Hy drink nie koffie nie. Hy's bang dit vlek sy tande. En hulle was nie goedkoop nie.

11. DANIEL: Ek neem aan die oorspronklikes is in 'n bar fight uitgeslaan?

1. DENISE: Eintlik, toe ons kinders was, het hy regtig verskriklike tande gehad. I mean, truly horrible. Hy kon ‘n varktjop deur ‘n riempiesbank eet. Uiteindelik het Paul vir nuwe tande betaal.

2. DANIEL: Het julle dan saam grootgeword?

3. DENISE: Soort van. Ons het in dieselfde aaklige buurt gewoon. Almal het mekaar maar so van sien geken. I actually went on a few dates with Stephan before Paul and I got together. Ek het Stephan geniet, maar ek dink ons het albei geweet, hoe sal ek sê, he didn’t have what it takes. But Paul and I, we were cut from the same cloth. Ons was albei sterk genoeg om ons omstandighede vir so lank as wat dit nodig was te hanteer. En braaf genoeg om meer te wil hê. For us, wealth was a state of mind. I think that’s what attracted him to me.

4. DANIEL: Is jy nog lief vir hom?

5. DENISE: Natuurlik.

6. DANIEL: So hoekom (…gaan kuier jy nie vir hom nie.)

7. DENISE: (ONDERBREEK DANIEL) Moenie my dit vra nie.

8. DANIEL: Oukei. Maar intussen klop Stephan elke tweede dag aan mý deur. Hy gaan obviously nie opgee nie.

9. DENISE: Daniel, please.

10. DANIEL: Ek sê nie jy moet vir Paul gaan sien nie. Maar asseblief, vir my onthalwe, gaan praat net ten minste met Stephan.

1. DENISE: Fine. For your sake.

BYK: DOOF IN: IN KLARA SE WOONSTEL. KLARA GOOI HAAR SLEUTELS OP DIE TOONBANK NEER.

2. KLARA: Ek weet, Ma. Ek's jammer. Ek wou Ma nog terugbel, maar dinge, kan Ma net vir my luister? Dinge is net bietjie crazy hier, oukei. Die eienaar het gister weer een van haar freakouts gehad en ek en Daniel het die ander dag 'n moerse uitval (BREEK AF) Wat? (POUSE) Nee. Nee, Ma het my nie gesê nie. (POUSE) Ja, ek's seker. Ek dink ek sou dit onthou het. (POUSE) Want Ma het hom maande laas uitgesmyt en ek het net nou die dag gesit en wonder wanneer gaan Pappa weer some royal fokop maak. Dis kinda overdue. (POUSE) Sorry. (POUSE) Ek weet, ek weet. Ek sê mos ek's jammer. (POUSE) Ag, moet nou nie so wees nie. Natuurlik kan Ma met my daaroor praat. (POUSE) Dis nie waar nie. Ma weet ek gee om. (POUSE) Asseblief moenie huil nie. Dit gaan fine wees. Ma weet hoe hy is. (POUSE) Ja regtig. Gee hom net so 'n paar dae. (POUSE) Nee wat. Alles is fine hier. Ma hoef nie te worry nie. (POUSE) Wie? Nie David nie, Ma. Daniel. (KORT POUSE) Is ek seker sy naam is Daniel? Ja, redelik. (SUG) Ja, gaan goed met hom ook. Nothing to report.

BYK: DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. MUSIEK SPEEL.

3. DANIEL: (ROEP BO MUSIEK UIT) O, hei Denise! Ek het jou nie eers hoor inkom nie. Jy kan maar sagter maak daar.

BYK: MUSIEK DOOF WEG.

1. DANIEL: Sorry, ek sit die musiek altyd heeltemal te hard as ek kook. Nie dat jy sal weet nie. Ek kry deesdae nooit ‘n kans, Denise, wat’s fout?

2. DENISE: It’s Paul. He’s getting out. Compassionate release.

3. DANIEL: Compassionate release? Is dit nie vir, soos (BREEK AF) Ek’s jammer. Ek bedoel, ek weet nie eintlik hoe, wat om te (BREEK AF) Hoe voel jy?

4. DENISE: Me? I’m fine. I can’t really start playing the concerned wife this late in the game, can I?

5. DANIEL: Wat het hy?

6. DENISE: Pancreatic cancer. Twee jaar al. Bliksem! Ek sweer, hierdie is die wreedste ding wat hy nog ooit aan my gedoen het. Hoe kon hy my nie sê nie?

7. DANIEL: Sulke goed is moeilik, Denise. Mens weet partykeer net nie hoe nie.

8. DENISE: Bastard.

9. DANIEL: Sou jy hom vergewe het as jy geweet het?

10. DENISE: Dis nie die punt nie. He robbed me. And I’ll tell you another thing: it’s his revenge. His final stab. Die man sal my net nie laat gaan nie. He’s determined to haunt me forever. Well, he’s got another thing coming if he thinks this changes anything. Screw him! I won’t bend.

BYK: **DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. DIE GEKRAP VAN EETGEREI TEEN BORDE. DIS VIR ‘N HELE RUK DIE ENIGSTE GELUID.**

1. DANIEL: Jy’s stil vanaand. Waaraan dink jy?

2. DENISE: Drie raaie.

3. DANIEL: Is hy al uit?

4. DENISE: Laas Vrydag. Stephan says he won’t last a month, though.

5. DANIEL: Dink jy nie jy moet (…maar net ‘n bietjie daaroor dink nie)

6. DENISE: (ONDERBREEK DANIEL) Daniel, I’ve said all I care to on the subject.

BYK: **KLOP EFFE WEG AAN DEUR.**

7. STEPHAN: (FILTER.EFFE WEG) Denise! Denise, I need to see you.

8. DANIEL: Wil jy hê ek moet?

9. DENISE: Nee. (BEWEEG EFFE WEG) Hierdie ding moet end kry.

BYK: **DEUR WORD EFFE WEG OOPGEMAAK.**

10. DENISE: (EFFE WEG) Stephan, there’s nothing he can say to make me, what’s happened?

BYK: **DOOF IN: IN DIE PARKEERAREA BUITE DIE WOONSTELBLOK. TROLLIE WORD OOR TEERPAD GESTOOT. TROLLIE KOM TOT STILSTAND.**

1. KLARA: Hallo, Denise.

2. DENISE: Hallo.

3. KLARA: Ek was regtig jammer om van Paul te hoor.

4. DENISE: Het Daniel jou gesê?

5. KLARA: Nee, ons het nog nie, uh, wel nee. Ek het by Murray gehoor.

6. DENISE: It's a wonder that gossip has time to do any security guarding.

7. KLARA: Daniel sê altyd hy kon vir Interpol gewerk het as hy nie so 'n alkolis was nie. Maar wat het gebeur?

8. DENISE: Ek weet nie. Hy't seker uit verveeldheid begin drink en toe ruk dit net hand uit. Daar's regtig nie moer baie thrills vir 'n woonstelbloksekuriteitswag nie.

9. KLARA: Nie Murray nie. Paul.

10. DENISE: Ag, jy weet. It's an age old story. Man goes to jail. Man gets released from jail. Man shoots himself out of spitefulness. Stubborn fool.

11. KLARA: Ek weet jy gaan my nie glo nie, maar ek's, Denise ek is so jammer, oor dit en, jy weet, oor alles wat ek gesê het.

12. DENISE: Nee, ek glo jou. Luckily I have enough sense to know you're not as shitty as you think you are. Besides, you didn't really say anything that wasn't true.

13. KLARA: Cope jy?

1. DENISE: Natuurlik.

2. KLARA: Come on.

3. DENISE: Ek's fine, Klara.

4. KLARA: Denise.

5. DENISE: Ek moet gaan.

6. KLARA: Denise!

7. DENISE: Wat wil jy hê moet ek sê? Dat ek meer as 'n dekade van my lewe gemors het? Net oor ek te bleddie hardkoppig en bang was? Because I refused to face my role in this bloody mess? Natuurlik het ek geweet wat Paul aanvang. Christ, he did it for me! He was just trying to be the person I thought I needed him to be. And what did I do? I betrayed him.

8. KLARA: Dit was 'n onmoontlike situasie.

9. DENISE: En dan het ek nie eers die moed om hom te gaan sien nie. Ek sal liewer niemand en niks hê nie. Wat het dit my gebaat? En selfs nou, aan die einde, kon ek nie eers my fokken trots (BREEK AF) Ag hel. It's so ridiculous. It's just too bloody ridiculous. I couldn't let him win. I, I didn't want to lose. En sê my, wat het ek gewen? A trolley full of useless trinkets. I pretend not to care. Try to fool myself into believing that I can face it all, that I don't need anything, but most days I can't even get myself to let go of this bloody stuff. Why do I do that? God!

1. KLARA: Dis net hoe dit is, Denise. Ons almal lieg elke dag vir onsself. Niemand wil vulnerable voel nie. Dis, dis net oorlewing.

BYK: DOOF IN: IN DANIEL SE WOONSTEL. DEUR WORD OOPGEMAAK.

2. DANIEL: (EFFE WEG) Denise? Ag, dankie tog!

3. DENISE: Hallo, Daniel.

4. DANIEL: Waar was jy gewees? Ek het myself siek bekommer! Oukei, ek gee nie om wat jy sê nie, jy gaan nou sit en ons gaan hieroor praat. Jy kan nie goed so opbottel nie.

5. DENISE: Daniel, it's fine. Klara already fixed me.

6. DANIEL: O.

7. DENISE: Ja. Ons het 'n goeie chat gehad and then I went for a long walk. Ek voel regtig baie beter.

8. DANIEL: Oukei. Dan's ek bly.

9. DENISE: Maar jy's reg. Ek dink ek en jy moet praat.

10. DANIEL: Natuurlik. Denise, wat okal jy nodig het (…ek's hier vir jou.)

11. DENISE: (ONDERBREEK DANIEL) Oor jou.

12. DANIEL: Wat bedoel jy?

1. DENISE: Ek's bekommerd, Daniel. Jy herinner my heeltemal te veel aan myself. You can't just trick the world into believing your life's under control. Granted, you're doing a much better job than I ever did, but all the same. It's a lie.

2. DANIEL: Ek weet nie waarvan jy praat nie.

3. DENISE: Daniel, please. Don't get defensive. Ek probeer (…net met jou praat.)

4. DANIEL: (ONDERBREEK DENISE) Nee, ek's jammer maar hierdie is bullshit. (EFFE WEG) Totale bullshit. Ek gaan jou nie eers indulge nie.

BYK: DANIEL SE KAMERDEUR WORD TOEGEKLAP.

5. DENISE: Asseblief, Daniel.

BYK: DEUR WORD OOPGEMAAK.

6. DENISE: Just let me in!

7. DANIEL: Wel, jy't klaar hier ingestorm.

8. DENISE: Jy weet dis nie wat ek bedoel nie.

9. DANIEL: Wat wil jy van my hê? Jy's nie regtig in 'n posisie om te begin life coach nie, jy weet. Kyk bietjie na jou eie shit.

10. DENISE: Ek het. Dis die punt. Come on, Love. Is daar enige iemand wat regtig weet wat in jou lewe aangaan? Ek bly al wie weet hoe lank hier and you haven't once told me something real about yourself.

11. DANIEL: Jy weet nie waarvan jy praat nie.

1. DENISE: You don’t have any close friends. Die enigste regte verhouding in jou lewe is die een wat jy met jou ma het. En dít hou jy heeltemal apart.

2. DANIEL: Los dit net!

3. DENISE: Ek bedoel, jy’t haar nog nooit eers hierheen genooi nie. I’d get that if you weren’t close, but you visit her every week. Jy vat selfs elke keer blomme. Wie doen dit?

4. DANIEL: Ek (BREEK AF)

5. DENISE: Wat? Wat is dit?

6. DANIEL: Ek hou nie van ‘n kaal grafsteen nie, oukei. My ma is dood, Denise. Al lank.

7. DENISE: Hoekom het jy my nie gesê nie?

8. DANIEL: Jy weet hoekom. Alles wat jy nou net (BREEK AF) Dis net makliker so. En later raak die geliegery, ek weet nie, tweede natuur of iets. Hel, ek besef nou eers hoe moeg ek is. So fokken gatvol! Ek, (BEGIN HUIL) ek mis my ma, Denise.

9. DENISE: (OMHELS DANIEL) Ek weet. Shhh. Shhh, darling. Dis oukei.

10. DANIEL: (HUIL TERWYL DENISE HOM TROOS)

11. DENISE: Dis oukei. I know, my boy. (BEWEEG WEG) It’s alright. I know.

BYK: DOOF IN: IN WOONSTELBLOK. HYSBAKKLOKKIE LUI.

HYSBAKDEURE GAAN OOP.

1. DENISE: Dammit, ek het my vanity vergeet.

2. DANIEL: Nee, nee, ek het dit. Sien?

BYK: HYSBAKDEURE GAAN TOE.

3. DENISE: O. Wel, luister. As jy enige iets nodig het, just, you know, you can call. Okay?

4. DANIEL: Selle vir jou.

5. DENISE: Dankie. Ek moet sê, ek's meer as net 'n bietjie benoud oor hierdie getrekkery.

6. DANIEL: Dit sal oukei wees. Dis jou familie.

7. DENISE: Well, in-laws.

8. DANIEL: Ek's seker Stephan is baie opgewonde.

9. DENISE: Shut up.

10. DANIEL: Ek gaan jou regtig mis, Denise.

11. DENISE: Jy sal fine wees.

12. DANIEL: Ek glo so.

13. DENISE: Sal jy hierdie vir Klara gee?

14. DANIEL: Wat is dit?

15. DENISE: Net 'n ou snow globe. Sy het dit eenkeer by my probeer koop.

16. DANIEL: Wil jy dit nie liewer self vir haar gee nie?

1. DENISE: No, you go see her for me. Dis tyd dat ons grootword, Daniel.

BYK: DOOF IN: KLOP AAN KLARA SE DEUR. DEUR WORD OOPGEMAAK.

2. KLARA: O, hallo.

3. DANIEL: Hei, Klara. Ek gaan vir my ma gaan kuier en ek het gewonder, wil jy nie dalk saamkom nie?

BYK: DOOF IN: *WARE VERHAAL* (DEUR BITTEREINDER) SPEEL.